

Na en Van


Theo Potgieter

20 November 2011

God Ken

Dan 11: 32


En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle **God ken**, sal vashou en optree.



Gered

Ps 86: 13

want u goedertierenheid is groot oor my, en U het my siel uit die doderyk diep daaronder **gered**.



Dooie Werke

Heb 9: 14

hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van **dooie werke** om die lewende God te dien.

Anker

Rom 8: 35

Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

Heb 6: 18-20

19 en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel 20 waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.

Genade wat Red

Ef 2: 8

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;

Liefde wat Dring

2 Kor 5: 14 - 15

Want die liefde van Christus dring ons, 15 omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is.

Goeie Werke


Tit 2: 14

wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.

Hoë Roeping

Fil 3: 14

Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.



Groot Genade


Hand 4: 33

En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal.

Optree

Dan 11: 32

En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.



1 Sam 15: 22

Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.